Droogte in die Noord-Kaap
Geldelike bydraes stroom in!

Ds Kobus van Tonder skryf verder…
Vir die luisteraars van RSG wil ek ook graag bedank. Nie alleen vir die wonderlike wyse waarop julle bygedra het nie, maar ook vir die ondersteuning, belangstelling, julle deernis en veral julle gebede. Weet dat elke sent wat ingesamel is, iewers 'n verskil maak in 'n gesin se lewensomstandighede in die droogtegeteisterde gebied.

Ons kon vanuit die beskikbare fondse die bedrag van R1.2 miljoen oormerk om behoeftige leerlinge en studente uit boerderygemeenskappe te help met skool/universiteitsgelde en koshuisgelde. 'n Bedrag van R700 000 is ook aan gemeentes bewillig vir aanwendig vir humanitêre hulp wat insluit voorsiening vir huishoudelike onderhoud, brandstof en die pastorale versorging van lidmate. Die restant van die fonds word in reserwe gehou vir 'n tweede rondte aansoeke.

Alhoewel die Red-'n-Plaas-projek op RSG tot 'n einde gekom het, gaan die Sinode in Noord-Kaapland steeds voort met sy fondsinsamelingspogings. Die reën in die droogtegeteisterde gebied was sporadies en die droogte is nog lank nie gebreek nie, daarom doen ons 'n beroep op almal om steeds betrokke te wees by ons projek. Vir diegene wat bydraes wil gee, gee ek weer ons bankbesonderhede:

Naam van rekening: NG Kerk in Noord-Kaapland
Bank: ABSA tjekrekening
Rekeningnommer: 940 580 684
Takkode: 500 902 (Kimberley) 632 005 vir internet-oorbetalings
NB! Verwysing: Droogte + naam van donateur

Kontak vir ds Kobus van Tonder, voorsitter van die ad-hoc Taakspan Gemeenskapsversorging, vir enige navrae of inligting by e-pos **kobusvt04@gmail.com** of sel 076 530 4028.